Untitled Document

Angie Kleijn

Die geskiedenis ken hom as Voortrekker-onderwyser wat twee toekomstige presidente van die Zuid-Af

Jan Gerritze Bantjes, 1817–1887
Foto: Wikitree

Ná dié slag was dié pennevoerder sekretaris van die bevelvoerder van die Wenkommando teen di

Sy naam was Jan Bantjes en sy herkoms het in 2008 opspraak verwek toe joernalis Max du Preez

Die kwessie of die Voortrekkers afstammelinge van slawe aan die Kaap as ‘kleurlinge’ beskou het,



Die traktaat tussen Piet Retief en Dingaan
Foto: Wikitree

Die herrie oor Jan Bantjes se ‘bloed’ word gedra deur die Voortrekkers, 1 jaar na die [illegible]

Die “schrander brein jonkman” is nie as ‘n intelligente jong man met ‘n skrander brein vertaal nie, n

Goudontdekker Bantjes Se Monument Onthul

DIT WAS ’n gedenkwaardige plegtigheid toe die Plettenberg Bay-afdeling van die Voortrekkers ’n gedenksteen en monument ter ere van Jan Bantjes, die eerste man wat goud aan die Witwatersrand ontdek het, onthul het.

Die volgende twee geslagte kinders van wyle Jan Bantjes, asook nageslag en ander nakomelinge, het die plegtigheid bygewoon. Verder was daar verskeie hoë ampsdraers van die Voortrekkerbeweging, op wie se plaas die gedenksteen geleë is.

Op die foto sien ons by die standbeeld van Jan Bantjes geleë is, is die heer Eugène, mev. Wilhelm Palmer (77) [illegible] en die Misterige heer, A. H. van Niekerk.

Saam met hulle is mev. Dorah Krause, eggenote van mev. Rosemary Krause, ’n kleinkinder van een van die twee Hottentot-knapes, wyle mev. Ernst Strydom.

Behalwe die standbeeld is daar ook nog twee ander — een van ’n Boerperd en kind en die ander wat ’n inwoner in die goudmyndorp uitbeeld. Dit is om ’n spesifieke gedagte.

Die monument het gekost R10 000.

‘Goudontdekker Bantjes se monument onthul’
Foto: Geni

Gebore

Die verhaal van Jan Bantjes se herkoms loop as volg: Jan Gerritze Bantjes is op 8 Julie 1817 in d

Sy pa: Bernhard Louis Bantjes, gebore op 20 Julie 1788 in Stellenbosch, getroud met

Sy oupa: Jan Gerrit (Jan Geersse) Bantjes, gebore in 1759 in Good Hope, Bo-Karoo. Hy

18 Maart 1759 gedoop en het op 7 Desember 1783 met Maria Adriana Vermeulen getrou.

Sy oupagrootjie: Jan Gerrit (Geerze of Geert Pantjes) Bantjes is op 24 Januarie 1734 in Winsch

Dié oupagrootjie was drie keer getroud en het agt kinders gehad: Die eerste keer, voor hy nog ‘n b

Winschoten in die provinsie Groningen in Nederland, waar die Bantjes-stamvader vandaan gekom
Foto: Wikipedia

Slawe

Hilletje, wat in 1737 gedoop is, was die dogter van Jan Jacobs en Anna Agnietie Pieters. Hulle is
2 Januarie 1718 getroud. Anna was voorheen, in 1713, met Lourens van Ahrendtsdorf getroud.
Jan Jacobs is in 1685 gebore en in 1737 oorlede. Hy was die seun van Jacob van Macassar en M

Anna Agnietie Pieters is op 31 Julie 1695 gedoop en was die dogter van Andreas Pieters, afkomst

Die slawe wat na die Kaap gebring is, was veral afkomstig van die eilande van Indonesië, Bengale

Voortrekker-Jan se seun, Jan Gerritze Bantjes, 1843–1914
Foto: Wikitree

Stamvader Jan Gerrit Bantjes (1734–1782) wat van Winschoten, Groningen, Nederland gekom
Foto: Geni

Die slawe van Bengale het na hulle vrystelling skynbaar die beste in die Kaapse samelewing gevaar en baie slavinne het met die vryburgers aan die Kaap getrou en stammoeders van bekende Afrikaanse vanne geword .

‘n Enkele voorbeeld is Ansiela van Bengale, een van die eerste drie vrygestelde slawe. Sy is met Arnoldus Basson getroud en het die stammoeder van die Basson-familie in Suid-Afrika geword. Toe sy nog ‘n slavin was, is haar dogter, Anna de Koning, uit ’n buite-egtelike verhouding met ’n Europeër gebore. Anna is met kaptein Oloff Bergh getroud en het op haar beurt die stammoeder van die Bergh-familie geword.



‘Joernaal van ’n trek – Uit die dagboek van Erasmus Smit’

Bantjes

Jan Bantjes, soos vele ander Voortrekkers die nasaat van dié vrygestelde slawe, het op Nuwejaarsdag 1837 saam met veldkornet Jacob de Klerk/Clercq se trekgroep vanaf die Beaufort-distrik by Thaba Nchu by die Groot Trek aangesluit.

Uit die staanspoor het hy onderrig aan Voortrekkerkinders begin gee en latere ZAR presidente, Paul Kruger en Marthinus Wessel Pretorius, se eerste lesse was in Jan Bantjes se

ossewa.

Hy het die verdrag tussen Piet Retief en Dingaan opgetrek en dit was Jan wat die res van die Voortrekkers later moes gaan vertel dat Dingaan vir Piet Retief en van sy manne vermoor het. Hy was in daardie stadium Andries Pretorius, bevelvoerder van die Wenkommando teen die Zoeloes, se sekretaris.

Jan Bantjes was sekretaris van die bevelvoerder van die Wenkommando teen die Zoeloes, Andries Pretorius
Foto: Wikipedia

Jan was in die binnekring van die groep wat op 9 Desember 1838 by Waschbankspruit die gelofte aan God gemaak het. Hy het ‘n joernaal gehou, genaamd ‘Journal der Ekspeditie van de uitgewekene Boeren, onder hunnen Hoofd-Kommandant Andreas Wilhelmus Jacobus Pretorius, tegen Dingaan, Koning der Zulus, in de maand(en) November en December 1838’.

Dié joernaal het die gebeure rondom die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 beskryf. ‘n Jaar later het Jan breedvoerig oor die Gelofte en die Slag van Bloedrivier in ’n spesiale uitgawe van die tydskrif, ‘De Zuid-Afrikaan’, geskryf.

Jan se joernaal is later in boekformaat omskep, ‘Jan Gerritze Bantjes se joernaal oor die Slag van Bloedrivier’, as die nakoming van ‘n belofte. Die Voortrekkers het, as deel van die gelofte van Bloedrivier, onderneem om hulle oorwinning in ‘n boek op te teken.

Jan Bantjes se naam word op die gedenkteken van ‘Helde van Bloedrivier’ genoem
Foto: Wikitree

Trou

Hy is omstreeks in 1839 met Matthysina Germina Clasina Knoedzen, die weduwee van

Jan Oosthuizen, getroud. Hulle het 11 kinders gehad.

Jan het in 1839 klerk van die volksraad in Pietermaritzburg geword en het ook as prokureur in die landdroshof begin praktiseer. Daarna het hy vir ‘n ruk ’n winkel in Prins Albert bestuur en was later die skoolmeester en voorleser van die NG Kerk op Humansdorp.

In 1855 was hy terug in Graaff-Reinet, en agt jaar later bevind hy hom in Pretoria as landdrosklerk en posmeester van die ZAR. Daarna was hy ook staatsaanklaer op Lichtenburg en skoolhoof op Ventersdorp.

Anna de Koning, wat met kaptein Oloff Bergh getroud is, se ma was ‘n slavin van Bengale
Foto:Transkripsies uit die VOC-verhaleskat’ deur Helena Liebenberg
.

Die Voortrekkers se nie-amptelike dominee, Erasmus Smit, wat met Gerrit Maritz se suster get

Foto: Wikipedia

.

Veldkornet Jacob de Clercq, in wie se groep Jan Bantjes op Nuwejaarsdag 1837 by die Groot
Foto: Voortrekker-Stamouers 1835-1845 deur Jan Visagie

.

Jan is in 1887 in die ouderdom van 70 jaar aan huis van sy seun, Jan Gerritse Bantjes, in Potchefstroom dood. ’n Jaar tevore het dié seun, wat met Anna Wilhelmina Swanepoel getroud was, een van die eerste prospekteerders geword om ‘n goudaar aan die Witwatersrand te dokumenteer.

Bantjes Deep, een van die goudmyne, is na hom vernoem en daar was ‘n brons standbeeld van hom by Floridameer, wat later verskuif is na Gold Reef City.


ONS GESKIEDENIS-SERIE
VOORTREKKER-MENSE
VI
DEUR
DR. GUSTAV S. PRELLER